

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com


basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kern-woorde te gebruik) en jou werk taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 minute (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Die verkeerde tyd, die verkeerde plek ... **[50]**

1.2 **Oor 'n koppie tee/koffie met Oupa/Ouma ...** **[50]**

1.3 Besittings is nie 'n maatstaf vir 'n ryk lewe nie. **[50]**

1.4 **Hier ... Daar ...** **[50]**

1.5 "[Ons is ...] Bakens in die nag
Skepe sonder vlag
Hoor jy my, hoor jy my
Vaar ons by mekaar verby."

[Verwerk uit: *Bakens in die nag*, Richard van der Westhuizen] **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: www.google.images/rockstar] **[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.7



[Bron: https://za.pinterest.com] **[50]**

1.8



[Bron: www.moneytalksnews.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**

Jongmense se passiewe leefstyl agter rekenaars en selfone is verontrustend.

Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou kommer oor die groeiende aantal jongmense wat aan geen buitemuurse aktiwiteite deelneem nie, uitspreek. Verwys ook na die nadelige gevolge van hul onaktiewe lewenstyl as gevolg van tegnologie en sosiale media. **[25]**

2.2 **E-POS**

Jy bly in een van die mooiste streke in Suid-Afrika.

Gebruik die formaat hieronder en skryf 'n E-POS aan die Suid-Afrikaanse Toerismeraad waarin jy jou streek as een van die gewildste toeristebestemmings in SA bekendstel.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | info@satoerisme.org.za |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| | |

**[25]**

2.3 **FORMELE VERSLAG**

Jy is die leier van 'n projek waarmee die inwoners van jou buurt R4 miljoen wil insamel vir die opgradering van ontspanningsgeriewe in julle omgewing.

Skryf 'n FORMELE VERSLAG aan die organiseerder van die projek waarin jy oor die vordering van die projek rapporteer. **[25]**

2.4 **KOERANTBERIG**

Gebruik die opskrif hieronder en skryf 'n KOERANTBERIG wat in julle plaaslike koerant gepubliseer gaan word.

**TIENERS BEDERF BEJAARDES OP OUPA-EN-OUMA-DAG** **[25]**

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

2.5 **HULDEBLYK**

Jou jongste boetie/sussie word sestien jaar oud.

Jy word gevra om die HULDEBLYK tydens sy/haar verjaarsdag te lewer. Die woord "staatmaker" moet in die huldeblyk gebruik word. **[25]**

2.6 **DIALOOG**

Jy het een aand laat van jou buurman se heerlike vrugte in sy tuin gaan steel.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou buurman vandat hy jou betrap totdat julle versoen raak. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com